basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

MODEL 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip:

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die klem op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae, word geen punte toegeken nie. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is aanvaar.

AFDELING A

VRAAG 1

Vraag	Antwoord	Punt
1.1	Jy word direk aangespreek./Die vraagstelling betrek jou dadelik./Die gebruik van die letters P en E laat jou wonder. √	1
1.2	Sy beweer dat daar 'n stryd is oor wat die gewildste tipe leesstof is √ en dat daar nie 'n definitiewe wenner tussen die gewone boek en e-boeke is nie. √	2
1.3	Dit verwys na die invloed wat tegnologie op die boekbedryf sal hê. √	1
1.4	Boeke sal nie meer in gedrukte vorm uitgegee word nie. √ Dit sal daartoe lei dat biblioteke sal doodloop. √ Lesers sal eerder boeke elektronies aflaai. √	3
1.5	Daar is diegene wat positief is oor die waarde van tegnologie en e-leesmateriaal in die klaskamer √ en dan is daar diegene wat skepties hieroor is en voel dat e-boeke slegs 'n foefie is. √	2
1.6	"Uiteenlopende menings" √	1
1.7	Lesers word deur die interaktiewe aard van die Internet beïnvloed √ en wil meer betrokke wees by die gedrukte boek. √/ Dit gaan nie meer oor lees vir die lekker nie; √ lesers wil eerder elektronies betrokke wees by die boek. √	2
1.8	Hulle ding mee met (die interaktiewe en veelvlakkige aard van) elektroniese en digitale speletjies. √	1

1.9	Hulle vul hul tienerverhaal *Thomas@Rockster.net* aan met 'n video, 'n videospeletjie en 'n spesiale Mxit-kanaal. √√ (enige twee)	2
1.10	Skrywers moet binne bereik van lesers wees, want dit help met bemarking. √ Skrywers moet kan uitvind wat lesers wil hê. √ Skrywers moet ook kan agtergekom wat lesers van die boek gedink het. √ 'n Boek is lankal nie meer 'n losstaande entiteit nie. √ 'n Boek se tradisionele skanse verdwyn. √ Kennis van skrywers hou moontlikhede in. √ *Kandidate kan enige VIER aanbied.*	4
1.11	Ek sou daarvan gehou het omdat dit 'n ekstra dimensie aan die boek sou verleen en ek self kon besluit of ek die elektroniese prikkel wil ontsluit. √√ **OF** Ek sou nie daarvan gehou het nie omdat ek sou voel dit trek my aandag van die storielyn af/'n skrywer wat sy sout werd is, sal alle inligting in die storie verskaf. √√	2
1.12	Ja Ons leef in die digitale en elektroniese era waar ons blootgestel word aan 'n vinnig veranderende wêreld en ons self deel van die storie wil wees deur alles te sien./ Bewyse bestaan dat skrywers genoodsaak is om deur middel van blogs/Facebook met lesers te kommunikeer. √√ **OF** Nee 'n Mens het tog die ou-wêreldse atmosfeer nodig wanneer jy lees om jou eie verbeelding kans te gee om self te visualiseer./ Ek hou daarvan om 'n boek in my hande te hou en die storie as losstaande entiteit te geniet. √√	2
1.13	Hulle maak nie van terugflitse, herinneringe of dialoog gebruik om inligting oor 'n karakter of gebeure oor te dra nie./ Hulle onderbreek hul chronologiese verhaal deur hipertekste indien die leser sekere agtergrondkennis nodig het./ Twee skrywers het die boek geskryf./ Die struktuur lyk heeltemal anders. √√ *Kandidaat noem enige TWEE.*	2
1.14	Sy is ongeïnteresseerd/verveeld/onentoesiasties. √	1
1.15	Dit dui juis die uiteenlopende siening wat in die leesstuk na vore kom aan, want die man is ingenome met sy e-leser, terwyl die vrou duidelik afsydig daarteenoor staan. √	1
1.16	Die vrou beleef duidelik onsekerheid/ongemak oor die nuwe leestendens √ terwyl die man dit boeiend/verfrissend vind. √	2
1.17	Vrou: bv. Op 'n eerste afspraak sou ek meer aandag van die man verwag het./ Ek is nie opgewonde oor e-lesers nie en verkies die gevoel van papier en 'n boekereuk. √ Man: bv. Die e-leser kan as ysbreker vir later se lekker gesels gebruik word./ Ek is baie opgewonde oor die nuwe leestegnologie./Elektroniese katoeters fassineer my. √ *Kandidaat se eie mening moet binne konteks oorweeg word.*	1
		[30]
	TOTAAL AFDELING A:	**30**

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming:

Sewe feite oor die maniere waarop wetenskaplikes verbruikers manipuleer om aartappelskyfies te eet.

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

  Verspreiding van punte vir taal as kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1 – 3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4– 5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6 – 7 feite korrek: ken 3 punte toe

  Verspreiding van punte vir taal as kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6 – 7 aanhalings: ken geen punt vir taal toe nie
  - 1 – 5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

- Indien die formaat verkeerd aangebied word, moet die antwoord steeds nagesien word.

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word die sin, wat die 90 aanbevole aantal woorde bereik het, klaas gelees en die res van die opsomming geïgnoreer.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

’n Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

1	*... beywer vervaardigers hulle om aartappelskyfies onweerstaanbaar te maak ... ongesonde bestanddele ... te verdoesel.*	A	Vervaardigers maak aartappelskyfies onweerstaanbaar deur die ongesonde bestanddele op ’n subtiele manier weg te steek.
2	*Hulle maal die sout tot ’n fyn poeier sodat dit die smaakknoppies vinniger en beter tref.*	B	Die fyngemaalde sout tref die smaaknoppies vinniger en verbeter die geurontploffing.
3	*... vet in die mond ...gevoelens van plesier.*	C	Vet verskaf onmiddellike gevoelens van plesier/sorg vir ’n sensasie in die mond.
4	*Studies wys dat die skielike styging in glukosevlakke veroorsaak dat mense na meer smag.*	D	Suiker laat die glukosevlakke styg wat ’n mens na meer laat smag.
5	*... dat koolhidraatinname sinoniem is met energie ...*	E	Mense glo suiker gee energie en dit laat hulle meer eet.
6	*... dis bekostigbaarder as vleis.*	F	Aartappelskyfies is goedkoop en binne almal se bereik.
7	*Adverteerders gebruik elke sielkundige truuk ...*	G	Die verpakkingsmateriaal lok mense om meer as wat nodig is te eet.

Getal woorde: 81

OF

Moontlike paragraaftipe antwoord:

Vervaardigers maak aartappelskyfies onweerstaanbaar deur die ongesonde bestanddele op ’n subtiele manier weg te steek. Dit veroorsaak dat fyngemaalde sout die smaaknoppies vinniger tref en die geurontploffing verbeter. Vet verskaf ook onmiddellike gevoelens van plesier en sorg vir ’n sensasie in die mond. Suiker, daarenteen, laat die glukosevlakke styg wat ’n mens na meer laat smag. Aangesien mense glo dat suiker energie gee, eet hulle meer skyfies. Aartappelskyfies is boonop goedkoop en binne almal se bereik. Die verpakkingsmateriaal lok mense om meer as wat nodig is te eet.

Getal woorde: 88

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk slegs wanneer die verkeerde spelling die betekenis van die woord verander.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word, soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

VRAAG 3

Vraag	Antwoord	Punt
3.1.1	Dit trek onmiddellik die aandag./ Die woorde wat by die foto aansluit, word uitgehef./ Die woorde *verlief kan raak* is woorde wat lesers interesseer./ In advertensies is verskillende lettertipes en –groottes baie effektief/gepas/ noodsaaklik. √	1
3.1.2	Bel (nou) vir versekering. √	1
3.1.3	Dis ’n bevelsin (wat ’n uitroepteken benodig.)/ Dit dra by tot die manipulering van die leser./ Dit versterk/ondersteun emosies wat met verliefdheid gepaardgaan. √	1
3.2	Die foto ondersteun/demonstreer die woorde *verlief kan raak*/liefde/die teks./ Die meisie is duidelik in ekstase oor die produk wat aansluit by die teks. √	1
3.3	*(het Virseker) die skoot hoog deur* √	1
3.4	Ja Dit manipuleer/oorreed die leser, want dit verseker snelle diens sonder sukkel. √ *’n NEE-antwoord kan nie korrek wees nie.*	1

3.5	Dis deel van die manipulering en emosionele beïnvloeding/oorreding van die leser./ Dit speel juis op die leser se gevoel om iets wat vir hom/haar kosbaar is, te gebruik./ Dis 'n middel tot 'n doel, want mense is passievol/emosioneel oor Afrikaans./ Dit wil juis die Afrikaanse leser oorreed om hierdie produk te ondersteun. √	1
3.6	Die ander is samestellings teenoor 'n byvoeglike naamwoord saam met 'n selfstandige naamwoord./ Dis nie 'n samestelling nie./ Byvoeglike naamwoorde word nie vas aan 'n selfstandige naamwoord geskryf nie./ Ander woorde is selfstandige naamwoorde terwyl *Mediese* 'n byvoeglike naamwoord is. √	1
3.7	wêreldwye web/Wêreldwye Web √	1
3.8	Woordspeling met "verseker"/"virseker" is baie effektief gebruik./ Die manipulering van Afrikaanssprekendes m.b.v. klem op Afrikaans slaag./ Emotiewe taal wat fokus op die liefde is suksesvol./ Die teks en foto sluit bymekaar aan en versterk die boodskap. √ *Enige van bogenoemde antwoorde is aanvaarbaar*.	1
		[10]

VRAAG 4

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	om te (gaan) vra √	1
4.2	Doors word gestuur om suiker by die bure te gaan vra./ Doors word (deur die tante) gestuur om by die bure suiker te gaan vra. √	1
4.3	Palatalisasie √	1
4.4	Bv. suikerpotjie/suikersakkie/suikersakke/strooisuikertjies √	1
4.5	Die woord/assimilasie pas in die mond van die karakter./ Dis informele taal wat hier gebruik word. √	1
4.6	Hy probeer simpatie wek vir die *niggietjie./* Hy probeer begrip wek vir die feit dat hy die *niggietjie* kwansuis so jammer gekry het./ Hy wil sy leuen verdoesel./Hy het so na haar gekyk dat hy skoon vergeet het hoekom hy daar was. √	1
4.7	Van die drie swemmers het Mari die skrapsste bikini'tjie gedra! √	1

4.8	Ek dink dis geregverdig: Diere wat deur boere op vragmotors vervoer word, word meestal onder slegte omstandighede vervoer./ Diere se persepsie van mense is gebaseer op negatiewe ervarings as gevolg van onbehoorlike sorg tydens vervoer van diere./ Die spotprent satiriseer mense wat diere mishandel wanneer hulle vervoer word./ Die feit dat wetgewing voorberei word vir vervoer van diere bewys dat mense skuldig is aan onbehoorlike optrede. √ **OF** Ek dink dis ongeregverdig: Baie mense doen baie moeite om diere behoorlik te versorg wanneer hulle vervoer word./ Daar is deesdae te veel klem op mense en diere se regte en dis onvanpas. √	1
4.9	Hy sê dat dit gans 'n ander saak is.	1
4.10	Hoewel die woorde kru/banaal lyk, is dit hier aanvaarbaar, want dis klanknabootsend/gestel om die diere se geluide na te maak./ Die eufemisme versag die woorde en sluit aan by die geluid wat diere maak. √ **OF** Dis onder geen omstandighede aanvaarbaar nie, want dit bly kru/banaal./ Die eufemisme slaag nie, want dis baie duidelik dat die lelike woorde inderdaad bedoel is. √	1
		[10]

VRAAG 5

5.1	herkoms √	1
5.2	Afrika is (glo) die wieg van die mensdom en verkleurmannetjies. √	1
5.3	emigreer √	1
5.4	ekologie/eko- √	1
5.5	Ek sal gereeld die berge moet aandurf om verkleurmannetjies tussen die fynbos en in die woude te gaan soek. √	1
5.6	Ja Dit dui daarop dat die spreker nie seker is of dit werklik so is nie./ Die woord *glo* sluit aan by die woord *bespiegel* in paragraaf 1./ Dis 'n mening, nie 'n feit nie./ Dit verander die gesindheid van die hele sin. √	1
5.7	danksy √	1
5.8	Die indrukwekkende man het 'n fyt aan sy vinger. √	1
5.9	onderwerpsin √	1

5.10	Die woordkeuse is verkeerd: *prysenswaardig* is positief terwyl *aanklag* negatief is./ Die woord *prysenswaardig* is verkeerdelik gebruik en maak "aanklag" onmoontlik./ Indien daar sprake van 'n *aanklag* is, moet *betreurenswaardig* gebruik word, nie *prysenswaardig* nie. √	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING C:	**30**
	GROOTTOTAAL:	**70**

Kopiereg voorbehou